# PAASTYD

## HUISGELOOF



**Paastyd is 50 dae lank - 40 dae na Paasfees is dit Hemelvaart en 10 dae later vier ons Pinksterfees.** Laai die DinkJeug Families app af en gebruik dit om daagliks saam te luister, lees, gesels en te bid.

## HEMELVAART
## HANDELINGE 1:1-11

### OMGEE

Gaan stap 'n ent - indien moontlik op 'n berg of heuwel met 'n uitsig. Wat lyk anders van bo? Wat sien jy raak? Kyk ook na bo - na die vorms in die wolke. Watter prentjies sien jy raak?

### GESELS

Hierdie week Donderdag vier alle christene dwarsoor die wêreld Jesus se Hemelvaart. Jesus se "vorm" het verander sodat Hy nou by ons almal kan wees.

**Lees: Handelinge 1:1-11**

- Hoe dink jy het die dissipels gevoel toe Jesus opgevaar het?
- Watter beloftes gee Jesus vir hulle?

'n Berg was dikwels 'n plek waar mense God op 'n spesiale manier ontmoet het en 'n wolk was 'n simbool van heiligheid.

- Waar dink jy is Jesus nou?

### DOEN

Teken 'n berg, 'n wolk en jou dorp en skryf die woorde daarby: Jesus se Hemelvaart - Hy is nou oral en altyd by my! Besoek www.dinkjeug.co.za en soek "hemelvaart" om een van die aktiwiteite of "crafts" te doen.

### BID

Dankie Jesus dat U opgevaar het om nou in 'n ander vorm, deur u Gees, by ons te woon.
U is nie weg nie, maar by ons teenwoordig.

DINK JEUG Families

**Laai die DinkJeug Families app gratis af:**

Google Play:

Apple iStore: